

# Die bloekomboom as metafoor in die Afrikaanse taalruimte

**Abstract:** The blue gum tree as a metaphor in the context of the Afrikaans language

*In the article the focus is on the manner in which the blue gum tree has often figured in one way or another as a metaphor in the discourse about language politics and language-related issues around Afrikaans. The concepts “identity”, “group”, “volk” and “nation” are briefly explicated to clarify the context in which myth making and metaphorical language usually feature. Information about the blue gum and about texts referring to blue gum trees serve as an introduction for a discussion on the “Taal- en Stryd-Kongres” (Language and Struggle Conference) of 1989. During this conference two speakers (or groups of speakers) from more or less opposing political and ideological backgrounds used the blue gum in the title of their papers on Afrikaans and language-related issues in such a way that the blue gum tree became a metaphor for their specific points of view.*

That’s what people are doing all over the place – dying for metaphors.  
(Joseph Campbell in Flowers, 1988:230)

## 1. Inleiding

Binne die konteks van identiteit, gemeenskap en taal kan die bloekomboom dien as metafoor (of, meer konkreet, as simbool) van die “storie van Afrikaans” – ’n verhaal wat hom in ’n bietjie meer as een eeu afspeel te midde van hewige konflikte, botsende belange, oorloë, rebellies, stakings, armoede, verkiesingsveldtogte, apartheidsbeleide, onluste, noodtoestande, tronkgeskiedenis en, uiteindelik, ’n nuwe bedeling wat tot nog toe nie Afrikaansvriendelik blyk te gewees het nie. Hierdie siening van die bloekomboom se metaforiese rol word in dié artikel nader toegelig.

Hierdie skrywer se belangstelling in die “spel” rondom die bloekomboom as metafoor binne die Afrikaanse taalruimte kom al ’n ver pad. Dit het begin met my kennismaking met Du Plessis en Van Gensen se *Taal en Stryd:1989-1999 Gedenkbundel* (sic), ’n boek wat tien jaar na die kongres in 1989 met dieselfde titel eers verskyn het.

In die voorwoord van die publikasie verwys die samestellers ietwat kripties na die “bloekombos-gesprek tussen die Wes-Kapenaars en Elize Botha” as “die onthullendste en gelykertyd die onthutsendste moment by die kongres”.

Verwysings in J.C. Steyn se biografie *Die 100 jaar van MER* (2004) na bloekombome sou ook as aansluitend by dié debat rondom die bloekomboom as metafoer beskou kon word. Blykens Steyn se biografie was bloekombome as ’t ware “rolspelers” in die lewe van die merkwaardige vrou M.E. Rothmann, iemand wat deur Izak de Villiers beskryf word as, op haar dag, “die toetssteen van haar stam en kultuurgemeenskap”. Later meer oor beide hierdie bronne (Du Plessis en Van Gensen (1999) en Steyn (2004)).

In ’n in-diepte-ondersoek (Jordaan, 2004) na die kwessie van miteskepping as singewende krag binne die konteks van Afrikaans en die Afrikaanse gemeenskappe, maar ook binne die groter “algemeen-menslike verhaal”, is daar voorts verbande blootgelê tussen miteskepping en metaforiek.

’n Mite word deur die meeste prominente geesteswetenskaplikes nie as ’n vervalsing of leuen gesien nie, maar veel eerder as iets méér as die waarheid – as ’n singewende narratief wat onder meer daarop gerig is om bepaalde lewenswaardes by lede van ’n gemeenskap, veral by sy jeuglede, te vestig.

Die motto by die onderhawige artikel (*That’s what people are doing all over the place: dying for metaphors*) kom van die prominente geesteswetenskaplike en “mitoloog”, Joseph Campbell. Sy definisie (in Flowers, 1988:5) van die konsep “mite” dien as uitgangspunt vir die hieropvolgende diskoers en lui: “Myths are stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance.”

In ’n ondersoek na die aard en funksies van die mite kan die “anatomie van ’n mite” as één van die fasette wat aandag verdien, uitgesonder word. Dit beteken dat daar ook gekyk word na die wyses waarop mite tot stand kom. Wat dié faset betref, het dit duidelik geword dat die aanwending van metaforiek een van die mees opvallende duiders van miteskepping is.

Vroeë Afrikaanse voorbeelde, uit die GRA-dae, vind ’n mens reeds in die eerste uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot* van 15 Januarie 1876, waar die gebruik van Engels en Hollands deur Afrikaners gelyk gestel word aan die swaar en belemmerende wapenrusting van Saul wat vir Dawid aangetrek is in sy stryd teen die reus Goliat (1 Samuel 17). Die “jonge Afrikaners” word dan gemaan: “Gooi nou weg die *vreemde wapenrusting van Dawid* ...”

S.J. du Toit (in Steyn, 1980:142, oorspronklik aangehaal deur Cilliers, 1953) kritiseer op sy beurt die verengelsing aan die Kaapse meisieskole as sou dit ’n gevaarlike aanslag teen die moedertaal wees. Hy meen dit “vergiftig die *fontein van*

ons nasionaliteit”, die jonge dogters, want hulle word in dié skole in Amerikaans-Engelse gees en taal en sede opgelei.

Sentraal aan die diskoers in hierdie artikel is dan die kwessie van miteskepping as singewende narratief, en daarmee saam die gebruik van die metafoor as ’n opvallende hulpmiddel by miteskepping. Dié miteskepping het die vestiging van bepaalde waardesisteme by groepe, maar veral die konstruksie van ’n eie identiteit wat verskil van dié van “die ander”, ten doel. Miteskepping (en die gepaardgaande metaforiek) dra dus by tot die selfbewussyn van ’n “verbeelde gemeenskap” (Anderson, 1991, se konsep van “imagined communities”), byvoorbeeld van ’n taal- en kultuurgroep of volk / nasie. Relevante begrippe in hierdie verband word vervolgens kortliks toegelig.

## 2. Identiteit, groepsgebondenheid / volk-wees / nasieskap en nasionalisme

Identiteit, groepsgebondenheid en nasionalisme is fasette wat in ’n ondersoek rondom miteskepping pertinent ter sprake kom. Identiteit op sigself is reeds ’n komplekse saak.

Castells (1997:6) haal Calhoun (1994:9-10) soos volg aan in verband met die konstruksie van identiteit:

We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made ... Self-knowledge – *always a construction no matter how much it feels like a discovery* – is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others. (My kursivering – AJ.)

Calhoun sien dus selfkennis wat verwerf word deur nadenke oor die “aard van die self”, en wat dan lei tot die bewussyn van ’n identiteit verskillend van dié van “die ander”, as ’n “konstruksie” eerder as ’n “ontdekking”. Dit hang weer ten nouste saam met die kwessie van miteskepping. ’n Konstruksie van die werklikheid is immers reeds ’n herskepping (en daarom ook ’n mitologisering) daarvan.

Een van die redes waarom dit egter steeds moeilik is om identiteit as konsep vas te pen, is waarskynlik omdat geen mens net oor ’n enkele identiteit beskik nie, en dit dus vanselfsprekend is dat ’n groep, wat uit individue met meerdere identiteite bestaan, beswaarlik ’n enkele identiteit sal kan vertoon. In hierdie verband beweer Burke (1961:v): “[G]iven our disparate ways of life, we couldn’t really think alike, even if we wanted to.”

Nietemin, groepsgebondenheid en die doelbewuste identifikasie met ’n bepaalde groep is ’n verskynsel wat min of meer so oud soos die mensheid is.

Castells (1997:6) definieer identiteit soos volg:

By identity [...] I understand the process of construction of meaning on the basis of a cultural attribute, or related set of cultural attributes, that is / are given priority over other sources of meaning.

In 'n betoog rondom identiteit moet sekerlik ook kennis geneem word van begrippe soos “volk”, “nasie” en “nasionalisme”. Hierdie begrippe en die hieropvolgende kort bespreking daarvan is nie die fokus van dié artikel nie, maar onderlê wel die onderwerp van miteskepping en die daarmee gepaardgaande voorkoms van metaforiek.

Die opsomming van die begrip “nasionalisme” in die *Stanford Encyclopedia of Philosophy* (die *SEP*, 2001; hersien in 2005) beslaan 24 bladsye, met 'n verdere ses bladsye vol verwysings na gesaghebbende bronne oor die onderwerp. Dit behoort 'n aanduiding te wees dat dit in hierdie artikel nie moontlik is om in enige diepte op dié onderwerp in te gaan nie. Met die oog op die betoog is slegs die volgende kort samevatting van belang:

Volgens die *SEP* word daar met die term “nasionalisme” oor die algemeen na twee verskynsels verwys, naamlik die houding van lede van 'n nasie wanneer hulle sterk voel oor hulle nasionale identiteit, en die optrede / aksies van die lede van 'n nasie wanneer hulle daarna streef om selfbeskikking te verkry of te behou. Wat ook belangrik is, is dat daar 'n verskil is tussen 'n staat ('n politieke entiteit) en 'n nasie (wat dikwels 'n etniese of kulturele eenheid veronderstel). Hierdie uiteensetting stem in wese ooreen met dié van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (die *HAT*) waarin nasionalisme beskryf word as die “liefde vir die eie volk of nasie”. Dit wil egter voorkom asof daar in Suid-Afrika, en moontlik ook elders in die wêreld, algaande 'n wesenlike onderskeid tussen die begrippe “nasie” en “volk” ontstaan het. Daar is naamlik sekere objektiewe maatstawwe om “nasieskap” te bepaal, soos onder meer die bestaan van geografiese grense en 'n sentrale regering. Teenoor die begrip “nasie”, as 'n hoofsaaklik politieke / staatkundige eenheid, staan “volk”, as 'n kleiner groeps- of kulturele eenheid. Die gevolg van dié verskillende sienings van “nasie” en “volk” het waarskynlik daartoe gelei dat die afgeleide begrip “nasionalisme” eweneens geleidelik 'n betekenisverskuiwing ondergaan het. Om dié rede sou “nasionalisme” dan nie noodwendig meer dui op “liefde vir die nasie” nie, maar eerder op liefde vir die (dikwels kleiner) kultuurgroep – tensy die betrokke nasie 'n min of meer homogene gemeenskap is wat dieselfde kultuurwaardes en norme deel.

Anderson (1991:12 en verder) verklaar die opkoms van nasionalisme en nasionale state teen die einde van die agtiende eeu as 'n resultaat van die geleidelike aftakeling van die daaraan voorafgaande twee sterk kulturele sisteme, naamlik die godsdienstige gemeenskap en die koninkryk. Sy standpunt is dat bogenoemde sisteme vir die mense van hulle tyd as vanselfsprekende verwysingsraamwerke

gedien het, en dat hulle aftakeling noodwendig plek gemaak het vir 'n nuwe raamwerk, wat uiteindelik dié van nasionalisme was.

'n Belangrike faktor was, volgens hom, die opkoms van “print nationalism” (veral die roman en die koerant) in die loop van die agtiende eeu.

Anderson meen voorts dat die toenemende koppeling van nasieskap aan 'n sogenaamde “private-property language” 'n groot invloed uitgeoefen het op Europese denke in die negentiende eeu.

In die lig van Anderson se uiteensetting is dit nie vreemd nie dat die geleidelike bewuswording van 'n eie volksidentiteit by die Afrikaner in die laaste drie dekades van die negentiende eeu eweneens gepaard gegaan het met die ontwaking van taalbewustheid en taalnasionalisme. Tog meen F.A. van Jaarsveld (1959:176-178) dat die eerste uitinge van Afrikanernasionalisme (van so om en by 1880) nie 'n suiwer taalnasionalisme was nie, maar ook elemente bevat het soos liefde vir die vaderland, lojaliteit teenoor ander lede van die nasie, die drang na selfbehoud en 'n eie volksidentiteit, 'n gevoel van geroepenheid en uitverkorenheid, 'n liefde vir die volksverlede en 'n gevoel dat die Britte die Afrikaners verontreg. Taal was weliswaar ná die Anglo-Boereoorlog 'n sterk element in Afrikanernasionalisme.

Om die kwessie van groepsgebondenheid verder te illustreer, word daar nou verwys na 'n ingrypende keerpunt in MER se lewe (soos verhaal deur Steyn, 2004) toe sy as jong vrou en derdejaarstudent aan die South African College gehoor het van die Jameson-inval in pres. Paul Kruger se Zuid-Afrikaansche Republiek. Op daardie oomblik, onthou sy later, het sy en 'n klasmaat, Charles de Villiers, mekaar “se oordeel gesoek oor 'n groot gebeurtenis” (Steyn, 2004:13). Tot voor dié gebeurtenis was sy nie baie sterk Afrikaansgesind nie. Sy het Engels perfek beheers, daarin lesings ontvang, aan die Anglikaanse kerk behoort, en Engelse briewe aan haar familie geskryf. Vir Rhodes, die krag agter die Jameson-inval, het sy tot voor dié gebeurtenis nog 'n groot heldeverering gehad. Die oomblik van waarheid vir Miemie Rothmann en Charles de Villiers was egter toe hulle in daardie Engelse omgewing mekaar in die oë gekyk het terwyl hulle “vaag en ver [...] die voorouers se gees in [hulle] voel roer [het].” En, sê sy, dit het by haar 'n soort voorneme gewek: “[E]k by my mense!” Daardie voorneme het deur die jare nooit verander nie, en selfs sterker geword.” Die bedreiging vir 'n belangrike deel van haar groep in die noorde van die land het die besef gebring dat die Engelsgesindheid besig is om haar en ander te lei “tot ontkenning van ons eie aard en wese, en om dit te vervang deur 'n namaaksel van die aard en wese van 'n ander volk; om iets vals en nutteloos te word” (Steyn, 2004:15). Hierdie besef, meen Steyn, het die res van MER se lewe bepaal.

Háár siening van nasionalisme, soos bespreek in die biografie, is dan ook die sinvolste uitgangspunt vir die diskoers rondom miteskepping en metafoerik. In 'n

artikel in *Die Burger* van 17 Desember 1934 (aangehaal deur Steyn, 2004:358) beskryf sy nasionalisme as

liefde vir die eie volk en 'n begeerte om daarvan 'n gesonde, intelligente en eerbare volk te maak; weemoed oor agterlikheid op enige gebied waar hierdie drie eienskappe behoort te regeer; en 'n onophoudelike verlange en strewe om vordering daar in plaas van agterlikheid te kry.

Sy neem dan ook standpunt in teen mense wat nasionalisme uitskel as 'n “evangelie van haat”. Nasionalisme soos die nasionale vroue dit begryp, sê MER in dieselfde aangehaalde artikel van 1934, streef nooit na die onderdrukking en nadeel van ander volkere nie; intendeel, “die nasionalis is bly oor die vordering van ander nasies, omdat hy des te meer van hulle dan kan leer – tensy daardie vordering ook 'n uitbuiting is”.

In die lig van die bostaande kort bespreking rondom identiteit, groepsgebondenheid en nasionalisme word nou teruggekeer na die fokus op die bloekomboom as metafoer in die Afrikaanse taalruimte.

### 3. Die bloekomboom. Inligting en voorbeeldtekste

#### 3.1 Inligting oor die bloekomboom

Die soeke na inligting oor die bloekomboom<sup>1</sup> het verrassende resultate opgelewer. 'n Eerste gegewe is dat daar nie minder nie as 700 spesies voorkom in die genus *eucalyptus* (afgelei van 'n Griekse woord met die betekenis “goed bedek”), waartoe die bloekomboom behoort. Voorts is daar in die lys van Afrikaanse boomname 33 bome waarvan die samestelling eindig met “bloekom”. Daar is egter een bloekomboom wat *net* bekend staan as “bloekom” (Engels = Blue Gum), naamlik die *Eucalyptus globulus*.

'n Verdere feit, en een wat nie onbekend is nie, is dat die bloekom nie inheems aan Suid-Afrika is nie, maar wel aan Australië, waar dit die plantegroei domineer en dus een van die bekendste bome is. Maar ook aan Indonesië is bloekom bome inheems. Volgens 'n verslag vir die Suid-Afrikaanse Departement van Bosbou, opgestel deur R.J. Poynton (1979), is die *E. globulus* in die loop van die negentiende eeu (en reeds so vroeg as 1828) na die Kaap gebring, terwyl ander lede van dieselfde genus later gevolg het. Poynton verwys ook na 'n vroeë verslag (1865) van die “koloniale botanis” waarin die gehardheid en vinnige groei van 21 spesies van die bloekom spesifiek genoem word.

Van die Kaap af het bloekom bome vinnig na ander dele van Suidelike Afrika versprei, en ene Newberry, aangehaal deur Poynton, doen verslag van die feit dat hy tussen 1881 en 1887 omtrent veertig soorte bloekom bome in die Clocolan-

distrik van die Oranje-Vrystaat (soos die Vrystaatprovinsie toe bekend gestaan het) aangeplant het.

Bloekombove staan ook bekend as “gombome” vanweë die taai sap wat uit die bas vloeï wanneer dit bars of gesny word. Die medisinale eienskappe van bloekomolie is alombekend.

### 3.2 Die bloekomboom in die populêre kultuur: 'n voorbeeldteks<sup>2</sup>

Die bloekomboom het nie onvermeld gebly in die populêre kultuur nie. Hier sou daar na verskeie tekste verwys kon word, maar een van die frappantste is 'n liriek deur Rian Malan, omdat daarin gespeel word met 'n gedagte wat in hierdie diskoers as een van die uitgangspunte dien, naamlik dat die bloekomboom wel “ingevoer is van buite”, maar mettertyd “deel geword het van” die Suid-Afrikaanse landskap, en dus metafories dieselfde karaktertrekke toon as die Europese nedersetters. Ook, sou 'n mens kon byvoeg, as die taal Afrikaans.

Bloekomboom daar langs die stroom  
Laat staan my bloekomboom  
Hy's mooi vir my al is sy tyd verby  
Ek wil langs hom lê en in sy skadu droom

Afgesaag, afgemaai  
Hulle sê die boom moet waai  
Hy's 'n alien, hy's 'n nare uitheemse ding  
Kap hom af van Harare tot Tafelbaai

Maar ek sê...

Alien, ook inboorling  
Hy's nes ek, my bloekomboom  
Hy hoort nie hier, maar hy sit wortels neer  
Doer onder in die land se donker are

Daar staan 'n bloekomboom op elke plaas se werf  
Hoe gaan dit lyk as hy uitsterf?  
Net stof en sand en die son wat weerloos brand  
Vaal skape in 'n gryns verlatenheid

Alien, inboorling  
Laat staan my bloekomboom  
Drie honderd jaar, ons twee langs mekaar  
Nou tussen die bullet en die byl

### 3.3 Bloekombove in tekste met 'n politieke strekking

Vervolgens word enkele voorbeelde gegee van tekste wat verband hou met identiteit en politiek (veral taalpolitiek) en waarin bloekombove (telkens deur my gekursiveerd aangedui) die een of ander rol speel.

Die eerste verwysing waarop gefokus word, kom uit Jaap Steyn se *Sonkyker: Afrikaner in die verkeerde eeu* (2008:36-37) en vertel van die Britse politikus en latere premier van Brittanje, J. Ramsay Macdonald, se reis in September en Oktober 1902 (dus omtrent vier maande ná die Vrede van Vereeniging) deur die voormalige Boere-republieke. Macdonald skryf in sy reisverslag dat die Noord-Vrystaat “soos die kant van die Sahara” was. Byna die enigste beeste was karkasse wat langs die pad lê en verrot het. Die plase was in alle stadiums van verwoesting; tussen Bethlehem en Lindley was al die plase langs die pad afgebrand. Hy sê (vrylik vertaal):

Die droewe eentonigheid van daardie Sondag-rit sal by my spook tot my sterfdag. Elke myl of so het ons by die hoë *gombome* (*bloekoms*) of turksvylanings van ’n plaas gekom, en in die middel het die aaklige, swartgebrande gewels soos die geeste van gelukkige huise gestaan.

Nog ’n verwysing na bloekombome in die konteks van die Anglo-Boereoorlog is gevind in ’n inligtingstuk deur die Lichtenburg Museum (Bosman, 1986). Daarin word gemeld dat die Britte, ná die anneksasie van Lichtenburg op 1 Junie 1900 onder leiding van genl. Hunter, “’n paar ou *reuse-bloekombome* in die dorp as uitkyktorings gebruik [het]”. Daar is ook ’n foto van die Pos-, Telegraaf- en Landdroskantore op die dorp wat as Britse hoofkwartier ingerig is, met ’n groot bloekomboom wat dus as een van die uitkykposte voor die kantore gedien het.



Die Pos-, Telegraaf- en Landdroskantore op Lichtenburg wat deur die Britte as hoofkwartier ingerig is. Die groot bloekomboom is as uitkykpos gebruik.

### 3.4 MER en bloekomboom

Daar is al verwys na MER se besef van volksgebondenheid en haar siening van nasionalisme. Ook in haar veelbewoë lewe van honderd jaar het bloekomboom 'n rol gespeel. Daar is drie verwysings in die Steyn-biografie oor haar lewe na bloekomboom, waarvan veral die eerste twee verband hou met die (taal)politieke geskiedenis van Afrikaans en die Afrikaner.

- Op bladsye 66-67 word gemeld dat MER op 6 Desember 1900 saam met haar susters Annie en Lettie 'n protesvergadering op Worcester bygewoon het teen die inlywing van die Boere-republieke by Brittanje; hierdie protesvergadering is allerweë gesien as die voorloper tot 'n algemene opstand in die Kolonie. Die vergadering is gehou in “'n *bloekomplantasie* suidoos van die dorp en tussen 9 000 en 10 000 mense was teenwoordig”.
- Op bladsy 387 word vertel hoedat MER, op daardie stadium 'n ywerige Ossewabrandwagondersteuner, op 28 Februarie 1942 saam met die Swellendamse OB's “Vryheidsdag” gevier het ter herdenking van die Boere-oorwinning by Majuba op 27 Februarie 1881. Die viering vind plaas op Babs Tomlinson se grond, 'n oop erf met “*bloekomboom*”.
- Die derde verwysing na bloekomboom kom voor op bladsy 520, in die toneel waar haar dogter Anna vertel hoe sy op 98-jarige ouderdom in haar huis in Swellendam “lank kon sit en kyk na die berg, en die *bloekomboom* in die nabyheid as die wind waai. Sy het haar sit en verwonder oor die beweging van die takke, en die krag van die boom wat die wind kan weerstaan.” (In hierdie geval sou 'n mens kon sê dat die weerstandsvermoë van die bloekomboom teen die wind metafories gesien kan word van die krag van MER se besondere persoonlikheid.)

## 4. Die Afrikaanse taalpolitiek en die “bloekomboomgesprek”

### 4.1 Agtergrond

Teenoor die sterk “liefdesband” tussen Afrikaans en die Afrikaner, het die apartheidsjare daartoe aanleiding gegee dat 'n ongelukkige vervreemding tussen Afrikaans en 'n ander groot segment van sy moedertaalsprekers; naamlik die bruin mense, ingetree het. Drie aanhalings kan hierdie stelling illustreer:

- “Suid-Afrika is my land, maar hy was nie *fair* met my nie.” (Die woorde van 'n uitgeweke bruin loodgieter, aangehaal in Steyn, 1980:278.)
- “Dit spyt my as ek u te na kom, maar ek kan nie 'n moordkuil van my hart maak nie. Die Afrikaners wil ons nie hê nie, en nou wil ons ook nie meer die Afrikaners hê nie.” (In 'n onderhoud met 'n Johannesburgse bruin man deur *Die Vaderland* in 1974, aangehaal in Steyn, 1980:279.)
- “Dit is die tragiese, skynbaar keerlose proses – en 'n onnoemlike verlies vir Afrikaans – die verenigings van 'n groot Afrikaanssprekende bevolkingsgroep ...” (J. du P. Scholtz in *Die Burger*, 19 Julie 1978)

#### 4.2 Die “Taal- en Strydkongres 1989” – die bloekom as metafoor in twee van die kongresreferate

Te midde van bogenoemde “tragiese proses” vind die sogenaamde “Taal en Strydkongres” op 28 en 29 April 1989 in Durban plaas.

Daar is ’n legio uitsprake in die Afrikaanse taalpolitiek gemaak oor die verband, al dan nie, tussen ’n taal en sy sprekers, en daarom ook by implikasie oor die vraag of ’n taal soos Afrikaans “verdrukkend” kan wees. In die *Taal en Stryd 1989-1999 Gedenkbundel* kom daar ook gesprekke oor dié onderwerp voor.

Meintjies (1999:101) beweer met stelligheid:

Language is not inherently oppressive. Its role is defined by the people who wield it and the social forces which act upon it.

Willemse en ander Wes-Kapenaars (1999:88) stel dit soos volg:

Taal, daardie *intieme voertuig van representasie*, kan nie geskei word van die stryd om politieke en ekonomiese mag nie. (My kursivering – AJ.)

Dié stelling kom uit hulle kongresreferaat met as titel “Oor Bloekombos en (voor-) Uitkyk”. Die onderwerp daarvan is die gedwonge verskuiwing van mense uit plakkerskampe by Bloekombos (naby De Nova) en Uitkyk, maar sonder dat daar deur die munisipaliteit waarbinne die mense woonagtig was, naamlik Kraaifontein, planne gemaak is om aan hulle huise te verskaf. Die referente verduidelik die dilemma van die mense van Bloekombos en Uitkyk soos volg (Willemse *et al.*, 1999:84):

’n Dak oor die kop is ’n dwingende noodsaaklikheid. Hulle tree egter op in ’n ongelyke verhouding tussen owerheid en inwoners, in ’n ekonomiese verhouding waarin hulle lae-orde deelnemers is, in ’n politieke verhouding waarin hulle alternatiewe moet leer ontwikkel om te oorlewe – nie “huise” nie, maar “plakkershuise”. Hulle is besig – soos baie soortgelyke gemeenskappe in hierdie land – om ’n *nuwe taal van aanspraak op regte, selfvertroue en doelwitte aan te leer*. (My kursivering – AJ.)

In bostaande uitspraak is dit duidelik dat “taal” metafories gebruik word om te verwys na die politieke en sosiale diskoers van die “aanspraak op regte”, “selfvertroue” en “doelwitte”.

In haar referaat, “Uit ’n bloekombos-omsoomde wêreld”, wys Elize Botha (1999:94-100) daarop dat sy reeds voordat sy die teks van haar kollegas onder oë gehad het, daaraan gedink het om, eerder as ’n formele referaat, ’n vertelling voor te hou uit haar “bloekombos-omsoomde” grootwordwêreld in die Wes-Transvaal. Die feit dat Willemse en ander se referaatitel ook na ’n “bloekombos” verwys, sê sy, het sy – as ’t ware téén haar beterwete – vir haar as teken toegeëien (Botha, 1999:95).

Botha se referaat (volgens haar eerder 'n nie-akademiese vertelling (p. 95)) het as fokus haar grootwordjare in 'n "prinsipaalwoning" op Koesterfontein in die Wes-Transvaal (tussen Magaliesburg en Koster). Die prinsipaalwoning en skool is, "soos dit seker beleid was van die Transvaalse Onderwysdepartement in dié dae, volkome ingesluit deur 'n vierkant *bloekombose*" (p. 95).

Dit is hier waar haar kennismaking met die Afrikaanse letterkunde begin het en sy ook vroeë skrywers soos Jochem van Bruggen ('n goeie vriend van haar ouers) wat drie maal die Hertzogprys verower het en die vergete Roelf Britz persoonlik leer ken het. Deur die letterkunde het sy geleer van die besorgdheid oor die "armblanke" Afrikaner "in die stad en in die gange van die myn" (p. 97) en van gekanoniseerde skrywers soos J.F.W. Grosskopf en MER se navorsing en bydraes tot die Carnegie-verslag oor die armblanke-vraagstuk (p. 98). Die bloekombose van haar grootwordwêreld dien in die referaat ook as 'n metafoer van die ruimte waar hierdie vroeë kennismaking met die Afrikaanse letterkunde plaasvind. En Botha versterk die metaforiek wanneer sy 'n retoriese vraag vra en dit beantwoord: "Waarom veroorloof ek my hierdie sentimentele ekskursie, dié 'sentimental journey' (en dit was ook 'n temalied van dié tyd!)?

"Omrede van die bloekombos..." (p. 97).

## 5. Gevolgtrekking

Dit wil dus voorkom asof die bloekom(bos) in elkeen van die bostaande referate as 't ware metafories aangewend is om 'n bepaalde leefwêreld en persepsie van die werklikheid te skilder. Wat egter vanuit die hoek van miteskepping interessant is, is die feit dat die bloekom in elke geval die mites van die bepaalde groep verteenwoordig (en terselfdertyd ook die twee belangrikste mites rondom Afrikaans belig wat in Jordaan 2004 uitgewys word, naamlik die liefdesband tussen Afrikaans en die Afrikaner enersyds, en Afrikaans as verdrukkerstaal andersyds).

- Vir Willemse en ander gaan die bloekombos-gegewe gepaard met die stryd teen apartheidsmaatreëls. Hulle verwys naamlik na die "Bloekombos"-plakkers wat gedwonge verskuiwing in die gesig moes staar op grond van wetgewing in dié verband. Kraaifontein se inwonersvereniging betuig hulle solidariteit met die Bloekombos-plakkers deur plakkate waarop die vraag gestel word: "*Hoekom kan ons nie in vrede gelaat word nie?*" In hierdie versetpoging sien die referente 'n "aantoonbare opkomende kultuur" wat bewustelik poog om "die simbole, die tekens, die aard, die 'natuurlikheid' van die heersende kultuur en die dominante idees te ondermyn" (Willemse *et al.*, 1999:89).
- Vir Botha is die "bloekombos-omsoomde" wêreld rondom haar pa se prinsipaalswoning metafories van haar eie jeug en haar herinneringe aan Afrikaner-armoede in die middeldertigerjare. Dit herinner aan die werk van Jochem van Bruggen met sy deernis vir die arm Afrikaners met hulle behoefte aan "menswaardigheid", maar ook aan die later bykans vergete werke van P.W.S. Schumann en Roelf Britz rondom dieselfde tema. Botha (1999:98) se betoog is dat die Afrikaanse letterkunde

“in hom ingebed het [...] hierdie diepe besorgdheid oor die arme, die verstoteling, die pelgrim, die vreemdeling, die swerwer”.

Na aanleiding van die twee uiteenlopende bloekombos-“gesprekke” is die gevolgtrekking dus dat twee verskillende “lewendende” mites hier ter sprake is, en dat die bloekom in albei as metafoor dien waarmee elke groep sin aan hulle bestaan en bestaanstryd wou gee. Die impak van die betrokke metaforiek (en die gepaardgaande miteskepping) is nog duideliker uit Du Plessis en Van Gensen se reeds aangehaalde voorwoord tot die 1999-publikasie, waarin hulle die volgende opmerking maak:

Hoe sal ons die Bloekombos-gesprek tussen die Wes-Kapenaars en Elize Botha ooit kan vergeet? Waarskynlik was juis hierdie gesprek die onthullendste en gelykertyd die onthutsendste moment by die kongres geewe. (Du Plessis en Van Gensen, 1999:vi)

In haar repliek vra Botha (1999:98) ook of daar werklik ’n “nuwe” taal nodig is om aanspraak te maak op “regte, selfvertroue en doelwitte” soos wat Willemse en die ander Wes-Kapenaars betoog, of moontlik “net ’n skerper besef van die moontlikhede van die ‘ou’ taal”. Sy wys daarop dat Edith Raidt beweer dat Afrikaans van sy vroegste geskiedenis ‘die taal van verset’ was, en dat Steyn dit ook in *Tuiste in eie taal* telkens bevestig.

In Botha se slotsom oor Afrikaans is daar ook metaforiese ondertone wanneer sy daarna verwys as die “taal van ontmoeting”:

Ons leef in die gebruik van Afrikaans as ons moedertaal [...] ’n ononderhandelbare individuele reg uit. Die letterkunde is die *kunsvorm* by uitstek waarin ’n samelewing homself kan begryp. In die letterkunde in die Afrikaanse taal is daar onuitputlike moontlikhede geskep vir ’n indringende, omvattende *ontmoeting* van uiteenlopende taalgenote.

Universiteit van Pretoria

## AANTEKENINGE

1. ([http://www.google.co.za/\"bloekom\(boom\)\"](http://www.google.co.za/\))
2. ([http://www.google.co.za/\"bloekom\(boom\)\"](http://www.google.co.za/\))

## VERWYSINGS

### Boeke

ANDERSON, B.R. O’G.

1991. *Imagined communities: reflections on the origin & spread of nationalism*. New York: Verso.

BOTHA, E.

1999. Uit 'n bloekombos-omsoomde wêreld: repliek op Willemse *et al.* In: Du Plessis, T. & Van Gensen, A. (reds.). 94-100.

BURKE, K.

1961. *The rhetoric of religion: Studies in logology*. Berkeley: University of California Press.

CALHOUN, C. (RED.).

1994. *Social theory and the politics of identity*. Oxford: Blackwell.

CASTELLS, M.

1997. *The power of identity*. Massachusetts: Blackwell Publishers.

CILLIERS, D.H.

1953. *Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939)*. Kaapstad: A.A. Balkema.

DU PLESSIS, T. & VAN GENSEN, A. (REDS.).

1999. *Taal en Stryd 1989-1999 Gedenkbundel: Geselekteerde bydraes van die Taal- en Strydkongres*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

FLOWERS, B.S. (RED.).

1988. *Joseph Campbell: The Power of myth (with Bill Moyers)*. New York: Doubleday.

HAT (VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL).

1994. Johannesburg: Perskor.

JORDAAN, A.M.

2004. *Mites rondom Afrikaans*. DLitt-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

MEINTJIES, F.

1999. Language and labour. In: Du Plessis, T. & Van Gensen, A. (reds.). 101-117.

STEYN, J.C.

1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.

2004. *Die 100 jaar van MER*. Kaapstad: Tafelberg.

2008. *Sonkyker: Afrikaner in die verkeerde eeu*. Kaapstad: Tafelberg.

VAN JAARVELD, F.A.

1959. *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

WILLEMSE, H., *ET AL.*

1999. Oor Bloekombos en (voor-)Uitkyk. In: Du Plessis, T. & Van Gensen, A. (reds.). 82-93.

#### Koerante en ander dokumente

BOSMAN, A.D.

1986. *Lichtenburg 1865-1985*. Publikasie van die Lichtenburg Museum.

DIE AFRIKAANSE PATRIOT.

1876. 15 Januarie.

POYNTON, R.J.

1979. *Tree planting in Southern Africa Volume 2: The Eucalyptus*. Departement van Bosbou, RSA.

SCHOLTZ, J. DU P.

1978. Te veel lawaai oor te weinig wol. *Die Burger*, 19 Julie. Bladsy onbekend.

#### Internetbronne

[http://www.google.co.za/?bloekom\(boom\)](http://www.google.co.za/?bloekom(boom))".

<http://www.science.uva.nl/~seop/entries/nationalism>: "Stanford Encyclopedia of Philosophy", 2001/2005.